

Saterdag 10 April

Skrifgedeelte: Galasiërs 6

Fokusgedeelte: Galasiërs 6:1, 2

Dra mekaar se laste

Ons is almal deeglik daarvan bewus dat gelowiges struikel. Dit maak nie saak wie ons is nie, elkeen van ons sondig teen die Here. Ons moet beseef dat enigiets wat nie heeltemal reg in die oë van die Here is nie, verkeerd is.

Dit is waarom ons hier in die Galasiërsbrief die ernstige vermaning vind waar die Here ons leer hoe ons teen iemand moet optree wat in een of ander sonde val. Let hier op die woordjie “iemand.” Hierdie klein woordjie beskryf vir ons opnuut dat dit hier gaan oor enige mens wat in die sonde val. Dit gaan daarvoor dat enige mens ’n fout kan begaan, niemand is hiervan gevrywaar nie.

Die vraag is nou: Hoe moet gelowiges reageer as een van ons medegelowiges in sonde val? Die antwoord begin Paulus al vroeër in Galasiërs gee. Ons sien dit in Galasiërs 5:16-25. En dit word weer herhaal in 6:1. Met sagmoedigheid.

Wat is sagmoedigheid? Sagmoedigheid is om nie in woede nie, en sonder verwyte, teen iemand op te tree. Dit is om in liefde met iemand te werk, soos wat Christus self beveel het in Johannes 13:34. Dit is om in liefde die regte pad aan te dui.

Ons moet daarom aandag gee aan dit wat swaar op die gemoed van ons naaste lê. Paulus brei uit op die opdrag in vers 1 deur in vers 2 by te voeg: “Dra mekaar se laste.” Dit is dikwels juis hierdie dinge wat so swaar op ’n mens se gemoed lê wat dit makliker laat gebeur dat iemand in sonde val. Juis daarom voeg die Here ons saam as ’n eenheid, in die liggaam van Christus. Laat ons daarom met sagmoedigheid mekaar bystaan in die stryd teen die sonde.

Sing: Psalm 133-1:1, 2

Ds. FG Lee (Hardus) (Derdepoort)